# HOOFSTUK IV.

## KOSSKOOLOPVOEDING IN DIE TRANSVAAL.

Met hierdie hoofstuk word die terrein van die probleem van kosskoolopvoeding, waaroor hierdie ondersoek gaan, spesifiek betree t.o.v. Transvaal om te bepaal hoe kosskoolopvoeding benader en gedoen word deur eers na te gaan hoe die stelsel daar ontstaan het en watter beleid in verband daarmee gevolg word, terwyl daar ook in breë trekke gehandel sal word oor die beleid van die orige vier onderwysdepartemente. Daarna sal die praktyk bespreek word.

### A. DIE EERSTE TEKENS IN DIE KAAP.

Die kosskool as middel om in die onderwysbehoeftes van die plattelandse kind te voorsien, het reeds heel vroeg in die geskiedenis van ons land aandag geniet. In 1743 het Baron Gustaaf van Imhoff 'n inspeksiereis na die buitedistrikte van die volksplanting onderneem waar hy so getref is deur die algemene onkunde en godsdienstige verval dat hy dit onder die aandag van die Politieke Raad gebring het. Die ondersoek wat die Raad in medewerking met die twee predikante van Kaapstad ingestel het, het hulle oortuig dat die ylheid van die bevolking in so 'n uitgestrekte gebied een van die hoofoorsake van die toestand was. As middel tot oplossing van die probleem het hulle die oprigting van kosskole aanbeveel, dog van die plan het niks tereg gekom nie.[1]

In 1786 en weer in 1792 het die Politieke Raad nog eens so 'n sentralisasieskema oorweeg om die peil van die onderwys in die buitedistrikte te verbeter, dog ook hierdie pogings het misluk hoofsaaklik as gevolg van gebrek aan die nodige geld,[2] en die grensboere moes hulle maar tevrede stel met rondgaande onderwysers, alhoewel die kern van 'n

---

1. Du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 159 e.v.
2. Ibid, 264 e.v.

skoollosieshuis ten tyde van die Groot Trek reeds hier en daar aangetref is.[1]

B. DIE AANVANG IN TRANSVAAL.

Soos wat die Trekkergemeenskap in Transvaal gevestig geraak het, het die behoefte aan georganiseerde onderwys toegeneem. Die yl en wydverspreide bevolking het dit egter onmoontlik gemaak om skole oral binne die bereik van die kinders te voorsien en derhalwe is daar sedert 1896 beurse beskikbaar gestel om ouers wat te ver gewoon het, in staat te stel om hul kinders skool toe te stuur. Hierdie kinders het gewoonlik by privaat persone of by die onderwyser tuisgegaan.

Met die groter belangstelling in middelbare onderwys het dr. N. Mansvelt as Superintendent van Onderwys dit nodig geag om ook losiesfasiliteite te voorsien en op inisiatief van die staat het koshuise in 1894 te Pretoria tot stand gekom, verbonde aan die middelbare skole daar, nl. die Staatsgimnasium en die Staatsmeisieskool.

Hierdie „staatstehuise" is onder toesig van 'n curatorium geplaas met die Superintendent van Onderwys as voorsitter, en dat hulle dit nie maar slegs as loseerplekke beskou het nie, blyk uit die sorg wat hulle bestee het aan die benoeming van die huisvaders, die instelling van 'n monitorstelsel, die voorsiening wat gemaak is vir musiek- en skilderlesse en ook uit die doelstelling, nl. dat die opvoeding in aansluiting by die Protestants-Christelike lewensbeskouing van die volk moet strek tot die vorming van troue burgers van die staat.[2]

C. VAN 1900 TOT 1910.

Tydens die Anglo-Boere-oorlog was onderwys in die Transvaal feitlik beperk tot die kampskole, dog die probleem

---

1. Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 15.
2. Fourie, J.J.: Koshuise en die Transvaalse Skoolstelsel, 5 e.v.

van doeltreffende onderwys vir die platteland het steeds aandag geniet blykens die feit dat Lord Milner in 1902 reeds voorsiening gemaak het vir die oprigting van koshuise óf deur die staat, óf deur plaaslike komitees met staatsondersteuning. Hierdie reëling is deur E.B. Sargent as Direkteur van Onderwys sterk aangeprys en sedertdien sou die wagwoord in Transvaal wees: Sentraliseer.

Omstreeks 1910, toe die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, het koshuise van albei die bovermelde tipes bestaan, met voorkeur aan die tweede tipe waar die owerheid die gebou voorsien het en 'n plaaslike komitee onder 'n akte van waarborg finansiële verantwoordelikheid vir die inrigting aanvaar het, die losiesgeld en huishoudelike reëls bepaal het en die personeel benoem het.[1]

D. VAN 1910 TOT 1932.

Met die oordrag van onderwysaangeleenthede aan die Provinsiale Raad in 1910 is voortgegaan met die propagering van die sentralisasiebeleid en word die rol wat die koshuis in die uitvoering daarvan behoort te speel, steeds meer beklemtoon. Die bydrae wat die koshuis kan lewer tot die toon en vormgewende atmosfeer van die skool, die aandag wat individuele leerlinge kan geniet en die voordele wat dit kan meebring indien die personeellede saamwoon, word deur sir John Adamson uiteengesit in sy verslag vir 1910 as Direkteur van Onderwys en deur die Raad van Onderwys onderskryf in 1913 in 'n verslag oor die buiteskole. Ook skoolrade begin meer in hierdie rigting werk en sentralisasie word op steeds groter skaal ingevoer, dog hoofsaaklik nog deur middel van vervoerskemas.[2]

Die instelling van koshuise geniet egter nog steeds die aandag van die owerhede en in 1919 word die Departement se

---

1. Fourie, J.J.: Koshuise en die Transvaalse Onderwysstelsel, 27 e.v.
2. Ibid, 53 e.v.

administratiewe en tegniese beleid insake losieshuise verbonde aan hoërskole en normaalkolleges bekend gemaak.[1] Die belangrikste aspekte van die beleid betreffende losieshuise verbonde aan hoërskole is soos volg:

I. Beheer.

1. Die Departement: Die Departement voorsien die geboue en die meubels, dog die losieshuise is nie staatsinrigtings nie maar word deur die hoof van die skool of kollege saam met die personeel bestuur tot voordeel van die inwoners volgens die voorskrifte.

In die geval van 'n hoërskool benoem die Departement 'n huisonderwyser as hoof van 'n losieshuis en nie meer as twee inwonende (ook genoem assistent-) onderwysers nie.

Die Departement bekragtig die interne organisasie soos deur die hoof bepaal, en beheer die verspreiding van die leerlinge volgens getalle en ouderdomme in die verskillende huise wat nie meer as 42 per huis mag wees nie en eweredig volgens getalle en ouderdomme onder die huise verdeel moet wees. Origens is die huise onderhewig aan die inspeksie van 'n amptenaar van die Departement wat daartoe gelas word.

2. Die Beheerraad: Die beheerraad moet volgens regulasie adviseer in alle sake rakende die geboue en mag suggesties maak in verband met enige aangeleentheid wat die algemene welsyn van die skool raak, maar die raad het nie seggenskap oor die interne administrasie van 'n losieshuis nie.

3. Die Skoolhoof: Die skoolhoof doen aanbevelings by die Departement in verband met die benoeming van 'n onderwyser tot hoof van 'n losieshuis en sy assistente. In sy aanbeveling beoefen hy sy diskresie en is hy nie gebonde om iemand aan te beveel wat senioriteit in die skool of by die Departement het nie, maar die aanbevolene moet nogtans senioriteit in die skool hê bo 'n onderwyser wat as sy assistent in die huis optree. Die hoof reël ook die interne organi-

1. T.O.D.: Instructions for the conduct and administration of government-provided boarding-houses in connection with high schools and normal colleges (1919).

sasie in soverre dit die pligte van die huisonderwyser en sy assistente betref. Hy bekragtig die huisreëls en is geregtig om 'n huis te alle tye te inspekteer. Die hoof benoem ook die huisdokters en behartig die reëlings i.v.m. die sanatorium waar daar een is.

4. <u>Die Onderwysers</u>: Aan die hoof van 'n huis staan 'n huisonderwyser bygestaan deur nie meer as twee assistente nie. Die huisonderwyser aanvaar volle verantwoordelikheid vir die administrasie en dissipline van sy huis, terwyl die inwonende onderwysers se pligte sake insluit soos die boekhouding van die huis, beheer oor die inwonende leerlinge se sakgeld, toesig oor die gedrag, werk, ontspanning, maaltye, slaaplokale, kerkbesoek e.d.m., die toepassing van die reëls soos deur die huisonderwyser bepaal, appél, ens.

II. <u>Reëls</u>:

Die reëls sal van plek tot plek verskil na gelang van plaaslike omstandighede, dog die volgende beginsels moet gehandhaaf word:

1. <u>Grense</u>: 'n Kaart moet in elke huis aangebring word waarop die terrein waar leerlinge vryelik mag beweeg, aangedui word. Toegang tot die slaaplokale moet gedurende die dag verbode wees en dit moet as 'n ernstige oortreding beskou word indien 'n leerling 'n ander slaaplokaal as sy eie binnegaan.

2. <u>Verlof</u>: Verlof om die terrein te verlaat, moet slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word en dan slegs vir spesifieke doeleindes. Verlof om vriende te besoek, mag slegs geskied op vertoning van 'n skriftelike uitnodiging. Naweekverlof (van Vrydagaand tot Sondagaand) behoort nie meer as een keer per kwartaal verleen te word nie.

3. <u>Kerkbesoek</u>: Bywoning van die diens in die kerk wat deur die ouer genoem word, is verpligtend op Sondagoggende.

4. <u>Sport</u>: Deelname aan sport is verpligtend vir alle leerlinge wat nie om gesondheidsredes vrygestel word nie.

5. <u>Kleredrag</u>: Met die oog op netjiese voorkoms behoort eenvormige kleredrag vir Sondae voorgeskryf te word.

6. <u>Prefekte</u>: Voorsiening moet gemaak word vir twee prefekte of senior leerlinge en twee hulp-prefekte in elke huis en hulle moet verantwoordelikheid dra, sekere magte hê en voorregte geniet. Hulle moet 'n aandeel hê aan die toesig, dog hul magte moet spesifiek omskryf word. 'n Mindere mate van gesag en voorregte moet aan die hulpprefekte gegee word.

III. <u>Diensvoorwaardes</u>.

Die huisonderwyser en inwonende onderwysers woon vry in gedurende die kwartaal, dog betaal vir die losies van hul eggenotes en kinders volgens 'n vasgestelde skaal. Gedurende vakansietye betaal hulle vir hulself en hul gesinne.

Hulle sal geregtig wees op 'n lewenstandaard en bediening in ooreenstemming met wat hul inkomste sou geregverdig het indien hulle nie ingewoon het nie.

IV. <u>Mediese dienste</u>.

'n Bepaalde persentasie van die losiesgeld moet toegewys word vir die verskaffing van mediese dienste deur voorsiening te maak vir medisyne en toebehore in elke huis soos wat gewoonlik in 'n huishouding gevind word, en vir die benoeming van 'n huisdokter wat elke leerling by toelating moet ondersoek en verder tot die beskikking van die huis moet wees soos ooreengekom.

Indien 'n sanatorium opgerig word, moet die huise gesamentlik 'n verpleegster voorsien.

Behalwe hierdie beleidsbepalings word uitvoerige voorskrifte i.v.m. administratiewe aangeleenthede gegee.

Hierdie voorskrifte is bedoel vir seunskoshuise, dog daar word bepaal dat hulle sover moontlik mutatis mutandis van toepassing is op losieshuise verbonde aan hoërskole vir meisies. Dit is opvallend dat daar op enkele uitsonderinge

na deurgaans verwys word na „boys" en nie na „boarders" nie.

E. 1936: SENTRALISASIE WORD DIE AMPTELIKE BELEID.

Die probleem van ondoeltreffende volksonderwys het die Transvaalse Uitvoerende Komitee in 1928 daartoe gebring om 'n onderwyskommissie te benoem om verslag oor die aangeleentheid te lewer en terselfdertyd aandag aan die leerplan te skenk en na aanleiding van die kommissie se verslag is die skoolplig verhoog van 16 jaar of st. VI na 16 jaar of st. VIII met ingang van 1 Januarie 1933.

Vanaf hierdie stadium het sake vinnig beweeg, want die verhoogde skoolplig het die probleem van die plattelandse kind eens so sterk na vore gebring, omdat daar van toe af noodgedwonge vir meer middelbare leerlinge voorsien moes word.

Inspekteurs van Onderwys en die Carnegie-verslag oor die Armblankevraagstuk het die aandag gevestig op die treurige onderwystoestande op die platteland, terwyl die landbougenootskappe en sekere kultuurverenigings ook druk uitgeoefen het. Daarby is op 5 Augustus 1933 'n konferensie op Rustenburg gehou wat bygewoon is o.a. deur die Sekretaris van Onderwys (dr. S.F.N. Gie). Die konferensie se sienswyse was dat die onderwysstelsel omvorm moet word om beter aan te pas by die behoeftes van die platteland en 'n komitee is benoem om 'n skema dienooreenkomstig uit te werk.

Intussen is verdere aandag aan die saak geskenk deur 'n konferensie oor landelike onderwys in Kaapstad in Februarie 1934 waar sterk gepleit is vir 'n afdeling vir landelike onderwys in Transvaal.

Ook van owerheidsweë het die probleem aandag geniet en sowel die Direkteur van Onderwys (prof. S.P.E. Boshoff) as die Administrateur (mnr. S.P. Bekker) het hulself op hoogte van sake gestel deur rondreise te onderneem en ondersoek ter plaatse in te stel. Hierdie ondersoek het wantoestande wat

soms onbeskryflik was, aan die lig gebring met die gevolg dat die owerhede oortuig geraak het dat iets positiefs gedoen moet word; derhalwe is daar besluit om oor te gaan tot sentralisasie as amptelike staatkundige onderwysbeleid.

So bepleit die Administrateur dan op 1 April 1936 hierdie beleid met sukses voor die Provinsiale Raad, op 5 Mei 1936 word dit unaniem goedgekeur op 'n Skoolraadskongres, 'n sentralisasiebeampte word benoem om skoolrade behulpsaam te wees met die voorbereiding en beplanning in hul gebiede en die beleid word eindelik in die praktyk gebring deur die instelling van skoolplase.[1]

Die skoolplase met hul skole, modern-ingerigte provinsiale koshuise en plase was oorspronklik bedoel vir middelbare leerlinge, dog dit het spoedig geblyk dat laerskoolleerlinge ook by hulle geplaas kon word en langsamerhand is leerlinge uit een- en tweemanskooltjies in groter skole saamgetrek, gedeeltelik deur middel van busvervoer en gedeeltelik deur provinsiale koshuise op te rig vir leerlinge wat te ver gewoon het. Ook is provinsiale koshuise by sekere dorpskole opgerig sodat waar daar in 1936 6,552[2] leerlinge in skoolkoshuise gehuisves is, die getal in 1946 gestyg het tot 13,769[3] en in 1956 tot 20,940[4], terwyl die Provinsie se uitgawe aan kapitale dienste gestyg het van £3,445 in 1935/6 na £125,875 in 1937/8 en aan meubels en uitrusting van £5,988 na £37,604 vir dieselfde boekjare.[5]

Langs hierdie weg het die stelsel van provinsiale koshuise dan sy toetrede gemaak as integrale deel van die Transvaalse onderwyssisteem.

Die stelsel van goedgekeurde koshuise waarna op bl.152 verwys word, is nog in werking benewens die provinsiale stelsel, dog hulle vorm 'n klein minderheid aangesien daar van

1. V.d. Walt, C.: Die implikasies van die instelling van koshuisboerderye in Transvaal, 14 e.v.
2. T.O.D.: Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1936 (T.P. No. 8 - 1937), 208.
3. T.O.D.: Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1946 (T.P. No. 6 - 1951), 76.
4. T.O.D.: Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1956 (T.P. No. 7 - 1958), 74.
5. V.d. Walt, C.: Op. cit., 16.

die 120 koshuise wat leerlinge in st. VI en hoër huisves, slegs 11 goedgekeurde koshuise is. Vir die doeleindes van hierdie studie word die goedgekeurde koshuise derhalwe buite rekening gelaat.

F. HERKOMS VAN DIE STELSEL.

Soos reeds vermeld, het die „Public School" ook sy verskyning in Suid-Afrika gemaak in die vorm van Engelse kerkstigtings[1], dog daarby het dit nie gebly nie want daar is alle aanduidings dat die oorsprong van die Transvaalse Provinsiale koshuisstelsel ook by die „Public School" gesoek moet word.

In 1903 reeds het E.B. Sargent, destydse Direkteur van Onderwys in Transvaal, wat self sy opvoeding aan 'n „Public School" geniet het[2], by die hoeksteenlegging van 'n kosskool verklaar dat die hoofdoel van die skool is om die beste van die opvoedkundige inrigtings in Engeland hier te laat wortelskiet.[3] In dieselfde jaar nog is Sargent „met alle mag oor onderwyssake in Transvaal beklee" toe hy benoem is tot opvoedkundige raadgewer van die Hoë Kommissaris en in hierdie hoedanigheid het hy 'n stelsel ontwerp wat tipies Brits was, kompleet met 'n skool van die „Public School"-tipe vir die opvoeding van toekomstige leiers, die „grammar school"-tipe vir die middelklas en die „elementary schools" vir die massa. Hierdie stelsel het egter nie tot werklikheid gekom nie.[4]

In sy verslag oor die werk vir die tydperk wat op 30 Junie 1906 geëindig het, meld die Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson, dat die pleitbesorgers van kosskole in Transvaal, bewus of onbewus, die „Public School" in gedagte het[5] en hierdie uitspraak word sterk bevestig deur die voorskrif-

1. Kyk bl. 81.
2. Basson, M.A.: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 171.
3. Venter, P.: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 409.
4. Basson, M.A.: Op. cit., 169 e.v.
5. Education Report, 1906, 90.

te vir die bestuur van losieshuise wat in 1919 gepubliseer is,[1] want ten spyte van die feit dat die eenheidsbeginsel beide wat betref die organisatoriese struktuur en die uitoefening van beheer deur hoof en beheerraad nie verwesenlik word nie, is daar tog duidelike en onmiskenbare tekens wat daarop dui dat die stelsel op die lees van die „Public School" geskoei is, nl. -

1. die terminologie, bv. „house", „housemaster", „boys", „bounds", „out of bounds";

2. die reëls t.o.v. terreinbepaling, verpligte deelname aan sport, eenvormige kleredrag, status en funksie van prefekte; en

3. die hiërargiese organisasie van die huise - huisonderwyser, assistente, prefekte, hulpprefekte, leerlinge.

As dit nou met sy voorlopers so gesteld is, kan daar met veiligheid aangeneem word dat die koshuisgedeelte van die Transvaalse metode om die sentralisasiebeleid tot werklikheid te maak, by die „Public School"-stelsel oorgeneem is.

G. DIE WESE VAN DIE STELSEL.

Aangesien dit 'n staatstelsel is, sal die wese, nl. of dit 'n kosskool waar koshuis en skool tot eenheid geïntegreer is, beoog, dan wel 'n selfstandige koshuis, geskei van die skool, wat slegs dien om die kind binne bereik van die skool te bring, uit die beleidsbepaling[2] afgelei kan word, en daarom sal die amptelike beleid i.v.m. die stelsel nagegaan moet word.

I. Die uitvoerende beleid.

Toe sentralisasie as amptelike staatkundige onderwysbeleid in Transvaal aanvaar is, is daar in die uitvoerende beleid ook voorsiening gemaak vir die oprigting van koshuise

---

1. Kyk bl. 153.
2. Kyk bl. 73.

vir die huisvesting van leerlinge wat so ver van die skool af woon dat hulle nie daagliks daarheen vervoer kan word nie.

Die opvoedkundige aspek van die uitvoerende beleid was derhalwe kort en saaklik net dat die kind na die skool moes gebring word en daarom kan die eenheidsbeginsel (wat fundamenteel is vir 'n kosskool) nog gehandhaaf word indien die ouer se opvoedingstaak nou deur die skool oorgeneem word.

Met die administratiewe aspek was dit egter anders gesteld. In hierdie opsig het die beleid bepaal dat die inrigtings gedesentraliseer moet word sodat elkeen sy eie finansies kon bestuur met die bedoeling om plaaslike fondse op te bou wat aangewend kon word vir verdere ontwikkeling van die koshuise en vir voorsiening van meer fasiliteite. Die oogmerk van hierdie bepaling was om plaaslike belangstelling en ondernemingsgees aan te wakker.

Hierdie prosedure was egter strydig met artikel 89 van die Suid-Afrika-wet wat bepaal het dat alle ontvangste by staatsinrigtings in die provinsiale inkomstefonds gestort en alle rekenings uit dieselfde fonds vereffen moet word, en daarom is druk deur die Provinsiale Ouditeur op die Provinsiale Administrasie uitgeoefen om die onwettige praktyk te staak. Om die redes hierbo genoem, was die owerhede egter nie daarvoor te vinde nie en moes die probleem uiteindelik opgelos word deur die Suid-Afrika-wet so te wysig dat ook voorsiening vir die Transvaalse prosedure gemaak word.[1]

Die gevolg van hierdie beleid is dat die koshuis administratief los van die skool gaan staan het, terwyl die skool nog die oorspronklike prosedure soos deur die Suid-Afrika-wet voorgeskryf, volg, sodat die koshuis volgens die uitvoerende beleid beskou moet word as 'n selfstandige inrigting.

---

1. Van der Walt, C.: Die implikasies van die instelling van koshuisboerderye in Transvaal, 28 e.v.

Hoe die stelsel nou amptelik uit opvoedkundige oogpunt gesien word, sal in die volgende stadiums van die beleidsbepaling gevind moet word.

II. Die administratiewe beleid.

Die administratiewe beleid insake provinsiale koshuise is behels in Administrateurskennisgewing nr. 8 van 4 Januarie 1950,[1] waarin regulasies neergelê is i.v.m. die beheer en bestuur van die inrigting, toelating en skorsing van kosgangers, personeelvoorsiening e.d.m. In die aanhef word gemeld dat die regulasies ingevolge die Onderwyswet van 1907 goedgekeur is. In 1953 het 'n ordonnansie bekend as die Onderwysordonnansie egter die wette betreffende die Onderwys in die Transvaal saamgevat en gewysig[2] en die vraag ontstaan nou of die bovermelde regulasies nog geldig is. Dit gaan hier egter nie om die geldigheid van die regulasies nie, maar wel om die inhoud. (In wat hier volg, verskyn die nommers van die regulasies tussen hakies.)

1. Beheer en bestuur.

(a) Die Direkteur van Onderwys. Die Direkteur benoem die koshuiskomitee (2a), superintendent (10a), huisonderwysers en -onderwyseresse of ander geskikte persone (12), en bekragtig die benoeming van die matrone (13) en die reëls vir huishoudelike bestuur en tug (8).

(b) Die Inspekteur van Onderwys. Die koshuis moet op alle redelike tye geïnspekteer kan word deur 'n inspekteur van onderwys (7).

(c) Die Koshuiskomitee. Die Direkteur kan 'n koshuiskomitee van hoogstens sewe lede benoem om die hoof en superintendent te adviseer in verband met die bestuur van 'n koshuis of groep koshuise, met dien verstande dat, waar so 'n

---

1. T.O.D.: Departementele Omsendbrief no. 2 van 1950, item 36.
2. T.O.D.: Onderwysordonnansie 1953, 2.

komitee nie benoem is nie, die Direkteur die hoof kan magtig om die regte, bevoegdhede en funksies van 'n koshuiskomitee uit te oefen (2a). Die koshuiskomitee tree in die plek van die skoolraad op in verband met die skorsing van inwonende leerlinge (4c).

(d) Die Hoof. Die hoof hou algemene toesig oor elke koshuis wat aan sy skool verbonde is (10a) en beveel huisonderwysers(-esse) uit die plaaslike onderwyspersoneel vir benoeming deur die Direkteur aan (12). Die hoof is ampshalwe lid van die koshuiskomitee, maar het geen stem op die vergaderings nie (2d). Die hoof mag ook superintendent wees (10e).

(e) Die Superintendent. Die superintendent, wat deur die Direkteur benoem word, is in onmiddellike beheer van die koshuis (10a). Hy moet in noue voeling met die koshuiskomitee bly, al die vergaderings bywoon en met die komitee beraadslaag oor alle algemene vraagstukke rakende die koshuisbestuur, maar hy het geen stem op die vergaderings nie (10b). Hy moet ontwerpreëls vir die huishoudelike bestuur en tug van die koshuis aan die Direkteur vir goedkeuring voorlê (8). Hy moet 'n matrone aanstel, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur.

(f) Die Huisonderwysers (-esse). Huisonderwysers (-esse) kan aangestel word in die verhouding van een vir elke dertig inwonende leerlinge vir toesig- en tugdoeleindes. Die Direkteur kan die keuse van ander geskikte persone om in hierdie hoedanigheid op te tree, goedkeur (12).

2. Skorsing van leerlinge en toediening van liggaamstraf. Die regulasies opgestel ingevolge die bepalings van die Onderwyswet betreffende die skorsing en uitsetting van, en die toediening van liggaamstraf aan leerlinge in skole is mutatis mutandis van toepassing op koshuise met dien verstande dat die koshuiskomitee in die plek van die skoolraad optree (4c).

3. <u>Administrasie</u>. Origens verskyn daar regulasies wat die prosedure insake administratiewe sake, boekhouding, besteding van gelde, ens. ens. bepaal.

4. <u>Slotsom</u>. Op grond van die ondervermelde feite moet tot die gevolgtrekking geraak word dat die administratiewe beleid ook nie van die eenheidsbeginsel uitgaan nie en dat daar derhalwe nie 'n kosskool kan wees nie:

(a) Daar word spesifiek bepaal dat die Inspekteur van Onderwys 'n koshuis kan inspekteer. In 'n kosskool is koshuis en skool 'n organiese eenheid en behels inspeksie van die een die inspeksie van die ander, sonder dat dit uitdruklik vermeld hoef te word.

(b) In 'n kosskool sal daar nie 'n afsonderlike koshuiskomitee benoem hoef te word nie want, omdat dit organies verbind is aan die skool, sal koshuisaangeleenthede ipso facto onder die skoolkomitee, beheerraad of adviesraad ressorteer. Die benoeming van 'n afsonderlike komitee vir koshuisaangeleenthede toon dus dat hier nie 'n kosskool beoog word nie.

(c) In 'n kosskool staan alle opvoedkundige aangeleenthede ipso facto onder die hoof en die toewysing van algemene toesig aan hom met lidmaatskap van die koshuiskomitee sonder stem, is derhalwe strydig met die kosskoolbegrip.

(d) Die skoolregulasies betreffende lyfstraf en skorsing van leerlinge word spesifiek toegepas op koshuise en vervang die koshuiskomitee die skoolraad in sodanige sake, dog in 'n kosskool sal dit ipso facto die geval wees en sal die skoolraad sy funksie behou. Ook die moontlikheid dat 'n leerling uit die koshuis geskors kan word maar nog die skool mag besoek, strook nie met kosskoolopvoeding nie.

(e) Die benoeming van persone wat nie onderwysers is nie vir toesig- en tugdoeleindes is ondenkbaar in 'n kosskool.

III. <u>Die tegniese beleid</u>.

1. In verband met koshuise. Die tegniese beleid insake koshuise is bekend gemaak in 'n publikasie van die Transvaalse Onderwysdepartement getitel „Handboek van Regulasies en Departementele Reëls in verband met Provinsiale Koshuise". Dit het verskyn in 1944 en is van tyd tot tyd gewysig deur die uitreiking van besondere voorskrifte soos wat omstandighede vereis het. Volgens hierdie reëls en voorskrifte moet die stelsel dan in die praktyk gebring word deur van dag tot dag daarvolgens te handel.

Uit die aard van die saak word die aandag hier slegs by die opvoedkundige aspekte bepaal.

(a) Organisasie. In die aanhef van hoofstuk I wat oor die algomene organisasie handel, word verklaar: „Skoolkoshuise het 'n noodsaaklike en integrerende deel van die Transvaalse opvoedingstelsel geword. Hulle is daargestel om gedurende skoolkwartale gesonde huislike sorg te verskaf aan leerlinge wat nie vanuit hul ouerlike huis daagliks 'n vir hulle geskikte skool kan bereik nie. Provinsiale koshuise is derhalwe opvoedingsinrigtings en geen sake-ondernemings nie." Dan volg 'n skematiese voorstelling van die hiërargiese organisasie: onderwysdepartement, skoolhoof, superintendent, toesighoudende personeel, prefekte, kosgangers.

(b) Die opvoedkundige pligte, verantwoordelikhede en funksies van die personeel:

Die Hoof. In reël 1 word verklaar: „Die koshuis of koshuise staan onder die algemene leiding en toesig van die skoolhoof wat na sy goeddunke die Departement regstreeks adviseer wanneer hy dit noodsaaklik ag vir die behoorlike funksionering van sy skool in die algemeen." In reël 4 word verder bepaal: „Waar 'n skoolhoof nie self superintendent is nie, moet hy soos in reël 1 bepaal, ex officio algemene toesig hou namens die departement en in die algemeen die beleid beheer. Hy moet bv. weet of die toon en dissipline gesond is,

die behandeling goed is, die personeel en leerling-kosgangers tevrede en gelukkig is, die administrasie in orde is, ens. Hy moet ook wat die finansies betref, sy vinger op die pols van die inrigting hou." Indien hy as superintendent van 'n koshuiseenheid optree, bly hy nog volgens reël 6 ex officio verantwoordelik vir die algemene toesig oor alle koshuiseenhede aan sy skool verbonde.

Die Superintendent. Reël 1 bepaal dat die superintendent benoem word as hoof van 'n koshuis om regstreeks beheer oor sake uit te oefen in noue voeling met die koshuiskomitee indien daar een bestaan en in reël 7 word dan van hom verklaar: „Dis duidelik dat hy die volle verantwoordelikheid dra vir die inwendige koshuisbeheer: administratief, organisatories, dissiplinêr en finansieel."

Die Toesighoudende Personeel. In reël 1 word slegs vermeld dat die toesighoudende personeel regstreeks onder die superintendent staan en in reël 11 word verklaar dat hulle die superintendent behulpsaam moet wees met die hou van toesig oor die kosgangers.

(c) Versorging van Kosgangers. In hoofstuk II word gehandel oor die versorging van die kosgangers en in reël 1 word bepaal dat die superintendent en sy personeel „in loco parentis" optree en dus groot verantwoordelikheid dra en moet omsien na hul geestelike sowel as hul liggaamlike welvaart. Die koshuis is nie net 'n losiesplek nie, maar ook 'n opvoedingsinrigting, 'n tehuis waar 'n gelukkige atmosfeer, berustend op huislike weersydse hulpvaardigheid moet heers, wat voorbeeldige en bedagsame optrede van die personeel vereis.

Reël 3 vereis dat elke ouer 'n toelatingsvorm T.O.D. 203 moet teken voordat sy kind tot 'n koshuis toegelaat word en in hierdie vorm verklaar die ouer dat hy verlang dat die superintendent of sy plaasvervanger in alle sake rakende sy kind sal optree terwyl die kind in die koshuis is.

Hiervolgens dra die ouer dus sy opvoedingstaak aan die superintendent oor en word dit van hom en sy personeel verwag om daardie verantwoordelikheid te aanvaar. Die Direkteur van Onderwys is dan ook die mening toegedaan dat die superintendent voogdyskap aanvaar vir solank die kind onder sy sorg is, wat hoë eise aan hom as opvoeder stel, en om daardie rede moet hy aan dieselfde persoonlikheids- en professionele vereiste voldoen as die hoof van 'n skool.[1]

(d) Vergoeding van personeel. In hoofstuk I, reëls 10 en 12, word voorsiening gemaak vir die vergoeding van die superintendent en inwonende personeellede by wyse van korting op die betaalbare losiesgeld.

2. In verband met skole. Die tegniese beleid in verband met ŉ skool word gevind in die Handboek van Instruksies vir leiding van Hoofde van Skole en daarin word die hooffunksies van die hoof, in volgorde van belangrikheid, aangegee as:

(a) Professionele leiding en beheer van skoolwerk.

(b) ŉ Werklike, indien beskeie, aandeel in gereelde klaswerk.

(c) Organisasie en administratiewe werk.[2]

Geen melding word gemaak van sy opvoedingsfunksie in ŉ koshuis wat aan sy skool verbonde mag wees nie. Ook is daar geen verwysing na die wenslikheid of selfs moontlikheid van korrelasie tussen skool- en koshuisopvoeding nie. Dit word bevestig deur die praktyk om vakante hoofposte te adverteer in ŉ vorm soos: „Hoof H.A.(m.), meld ondervinding van koshuisadministrasie, moet optree as superintendent van koshuis."[3]

Volgens die tegniese beleid met betrekking tot die koshuis, is dit derhalwe ŉ selfstandige opvoedingsinrigting met die superintendent as professionele en administratiewe hoof

1. Meegedeel tydens ŉ persoonlike onderhoud.
2. T.O.D.: Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole, 38.
3. Die Provinsie Transvaal: Buitegewone Offisiële Koerant,

en hierdie siening word bevestig deur die tegniese beleid in verband met die skool wat aan die hoof geen opvoedingsfunksie in die koshuis toeken nie.

3: Slotsom. Die stelsel wat uit die sentralisasiebeleid voortgevloei het, het die wese van die skool nie verander nie, dog dit verrig nog 'n deel van die ouer se taak soos voorheen. Waar 'n kind die skool nie meer uit die ouerhuis kan besoek nie, word die res van die ouer se opvoedingstaak nou oorgedra aan die provinsiale koshuis as selfstandige opvoedingsinstelling, soortgelyk aan, dog onafhanklik van die skool. Nie 'n kosskool nie, maar 'n koshuis en 'n skool verrig nou die ouer se opvoedingstaak, met die hoof se algemene toesig as bindende faktor, behalwe wanneer hy ook superintendent van 'n koshuis is. Waar die kind dan nou deels in die koshuis en deels in die skool opgevoed word, bestaan die moontlikheid en dus ook die gevaar dat sy opvoeding verbrokkel gaan word waar dit 'n organiese eenheid behoort te wees.

In die praktyk blyk dit egter dat koshuis en skool meer as 'n eenheid fungeer wat die opvoeding betref as wat uit die amptelike beleid sonder meer afgelei kan word, waarskynlik weens die feit dat hoofde dikwels ook optree as superintendente van koshuise[1] wat aan hul skole verbonde is. Die gevolge van die dualisme is egter daar en dit blyk duidelik wanneer 'n bespreking gevoer word oor opvoeding in die lewensverbande (nasionaal, godsdienstig, ens.), want die antwoord kom gereeld dat dit in die skool geskied (behalwe dat huisgodsdiens in die koshuis gehou word), waaruit dit volg dat hierdie leerlinge uit die oogpunt van die hoof maar net soveel opvoeding onder sy sorg geniet as wat die dagskoliere

1. Blykens inligting wat van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang is, tree hoofde in 63 van die 109 provinsiale koshuise wat leerlinge in st. VI en hoër huisves, as superintendente op.

van hom ontvang. Dit volg dus verder dat daar nie besef word dat die leemte wat in die opvoeding van hierdie kinders ontstaan as gevolg van hul oorplasing uit die huis na die koshuis, spesifiek hoef gevul te word nie.

## H. DIE STELSELS VAN DIE ANDER ONDERWYSDEPARTEMENTE.

### I. DIE KAAPPROVINSIE.[1]

In die Kaapprovinsie word die provinsiale koshuise geadministreer volgens die prosedure wat oorspronklik deur die Suid-Afrika-wet neergelê is, wat dit moontlik maak om van skool en koshuis 'n nouer eenheid te maak. Ook in die ondersteunde koshuise word gestreef na aaneenskakeling van koshuis en skool en derhalwe word van owerheidsweë bepaal dat die superintendent van so 'n koshuis minstens 'n onderwyser moet wees.

Die koshuis word gesien as 'n verlengstuk van die skool waar die liggaamlike versorging van die leerling geskied en die opvoedingstaak van die skool voortgesit word.

Die superintendent word beskou as die voog van die leerlinge en moet daarna streef om hulle op te voed asof hulle sy eie kinders is. Hy dra derhalwe groot verantwoordelikheid en die vermoë om op te tree as plaasvervangende ouer word beskou as 'n vereiste vir benoeming.

Die ouers se belange word behartig deur bestuurskomitees waarop die kerke ook verteenwoordiging het en dus langs daardie weg seggenskap kry, behalwe die invloed wat uitgeoefen word weens die feit dat, na verneem is, die kerk ingeskakel word by die onderwys. Hieruit moet dan afgelei word dat die ouer via die kerk seggenskap in die koshuis erlang.

Die Kaapprovinsie het egter slegs 31 provinsiale koshuise terwyl daar 272 ondersteunde koshuise is, waaruit volg

---

1. Persoonlike ondersoek.

dat die ouer se opvoedingstaak daar in die hande van die bestuurskomitees gelaat word en dit derhalwe uit amptelike oogpunt beskou 'n lokale aangeleentheid is, en voortvloeiende uit die amptelike siening van die kerk as ingeskakel by die onderwys, word dit dan ook hoofsaaklik 'n kerklike aangeleentheid.

II. DIE ORANJE-VRYSTAAT.[1]

In die Oranje-Vrystaat is ook provinsiale koshuise, nl. 11 van 'n totale 114, dog die beleid is tans om weg te doen daarmee en plaaslike liggame met regspersoonlikheid (meesal kerkrade, dog ook munisipaliteite) aan te moedig om in die behoefte te voorsien deur lenings beskikbaar te stel en daarbenewens ook toelaes te betaal om voorsiening te maak vir die terugbetaling van die lening, instandhouding van die geboue en meubels, ens. Die plaaslike liggaam bestuur die koshuis dan en aanvaar verantwoordelikheid vir die implikasies, ook vir dié van opvoedkundige aard.

Voorkeur word aan hierdie stelsel gegee, omdat die ondervinding geleer het dat waar die plaaslike ondernemingsgees ingespan word, die kosgangers beter gevoed, versorg en gehuisves word en dat selfs geriewe daargestel word wat die provinsie normaalweg nie kan bekostig nie. Die beskouing is dat die ouers, uit hoofde van hul kerklidmaatskap, nou volle beheer het oor die opvoeding.

Indirekte dwang word uitgeoefen op die bestuursliggaam om die plaaslike welwillendheid te behou deur slegs die volle toelae hierbo genoem te betaal indien minstens 90% van die beskikbare akkommodasie in 'n koshuis geokkupeer is. Vir elke 10% wat die okkupasie benede 90% daal, word die toelae met 10% verminder.

Die Departement oefen beheer uit deur te bepaal dat

---

1. Persoonlike ondersoek.

skoolrade op die bestuur verteenwoordig moet wees en dat die koshuisreëls aan die Departement vir goedkeuring voorgelê moet word. Skoolhoofde het gewoonlik ook sitting op die bestuursliggame.

Die Departement laat hom nie in met die benoeming van koshuispersoneel nie, dog sover vasgestel kon word uit onderhoude met skoolhoofde en voorsitters van bestuursliggame word egpare as huisouers benoem om die koshuise te bestuur. Die ideaal is dat hulle moet fungeer as pleegouers wat in daad en gees voogdyskap oor die kosgangers beoefen en hulle gebonde moet ag aan die ouers se doopbelofte met betrekking tot die opvoeding van die kind. Derhalwe behoort hulle persone te wees wat die Christelik-Afrikaanse lewensbeskouing uitleef, karaktervas is, beskik oor die aanleg en vermoë om op te voed, mensliewend en sober is en van geskikte temperament en gesindheid is. Daarby moet hulle spaarsaam wees en die huishouding met oorleg kan bestuur.

## III. NATAL[1].

Natal het 'n stelsel van provinsiale koshuise onder beheer van die Onderwysdepartement. Die hoof van die skool is ook superintendent van die koshuis.

Die opvoedingsprogram is in sy hande en inwonende personeellede word tot sy beskikking gestel om behulpsaam te wees met die opvoeding van die kosgangers. In die opleidingskolleges word kwekeling-onderwysers (-esse) dan ook ingelig oor die pligte wat daarmee gepaard gaan.

Die administrasie word deur die hoofkantoor behartig. Die superintendent doen die aankope van die nodige lewensmiddele volgens 'n voorgeskrewe rantsoenstelsel en stuur die rekenings aan sy hoofkantoor vir vereffening. Vir die aankoop van skoonmaakmiddels en vervangings word 'n toewysing

---

1. Persoonlike ondersoek.

van £2.16.- per kosganger per jaar beskikbaar gestel. Vervangings mag enige tyd gedurende die jaar aangekoop word sodat superintendente in staat is om reserwevoorrade op te bou. Salarisse en lone word uit sentrale fondse betaal en gelde wat plaaslik ontvang word, word op rekening van die provinsie gestort. Vir uitgawes in verband met provinsiale koshuise word in die provinsiale begroting voorsiening gemaak.

Langs hierdie weg word daarna gestreef om die versorging, voeding en huisvesting van die kosgangers op 'n goeie peil te handhaaf en om sovcel moontlik eenvormigheid tussen verskillende koshuise te bewerkstellig.

Geen voorsiening word gemaak vir ouerseggenskap in die opvoeding van die kinders nie.

Hierdie stelsel kom in die eenheid van sy organisasie en funksie nader aan die kosskoolstelsel.

IV. DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.[1]

Die stelsel wat in swang is by die onderwysinrigtings van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is soortgelyk aan dié van Natal wat die organisasie en administrasie betref, met dié verskil dat 'n geldelike toewysing, bereken teen 'n vasgestelde bedrag per inwonende leerling per jaar, beskikbaar gestel word waaruit alle benodigdhede aangekoop word. Origens word dieselfde prosedure gevolg as in Natal.

Aangesien hierdie skole tegniese en beroepsopleiding tot taak het, is die ouers oor groot gebiede versprei sodat dit prakties nie moontlik is om verkose beheerrade te hê nie en derhalwe word sulke rade benoem.

I. DIE PRAKTYK.[2]

---

1. Persoonlike ondersoek.
2. Persoonlike ondersoek.

In verband met die opvoeding in die kosskole soos wat dit in die praktyk tot openbaring kom, kan gekonstateer word dat, watter beleid die betrokke onderwysdepartement ook al handhaaf, daar so ŉ mate van eenvormigheid bestaan dat daar nie in hierdie verband onderskeidend te werk hoef gegaan te word nie. Die patroon is grotendeels dieselfde en verskille wat daar wel is, is nie soseer provinsiaal van aard nie, maar meer lokaal en persoonlik. Slegs hier en daar word in die besonder na die Transvaalse praktyk verwys ter stawing van een of ander stelling.

I. <u>Gehalte van die opvoeding</u>.

Oor die algemeen bly die kosskoolopvoeding hoofsaaklik beperk tot sosiale vorming in ŉ beheerde en geslote gemeenskap by wie welwillendheid, goeie gedrag, gehoorsaamheid, stiptelikheid en ander deugde gekweek word deur bestendige voorligting en teregwysing met ŉ redelike mate van bedagsaamheid t.o.v. die invloed van die goeie voorbeeld.

Die ander aspekte geniet egter ook aandag: huisgodsdiens word gereeld gehou, die eredienste in die kerke word bygewoon en daar word toegesien dat die kosgangers kategetiese onderwys geniet; die skoolprogram word aangevul met buitebedrywighede van allerlei aard en dit help om die lewe te verryk, die lewensuitkyk te verbreed en die hele persoonlikheid te laat gedy; aan rus en gesonde ontspanning word die nodige aandag geskenk; leerlinge met aanpassings- en ander probleme word met begrip bejeën en gehelp; ouer leerlinge word tot prefekte benoem met ŉ mate van verantwoordelikheid en gesag; deur ferme dog simpatieke optrede gepaard met die ewewigtige lewensuitkyk van pligsgetroue personeellede word ŉ rustige atmosfeer geskep en behou.

Aan weerskante van hierdie gemiddelde lê daar gehaltes van hoër en laer graad.

Aan die een kant word die beskouing gehuldig dat die koshuis slegs ŉ loseerplek vir die kind is waar hy versorg

en opgepas moet word. Die opvoeding wat hy ondergaan, kom nie veel verder as die neweprodukte van die bestendige milieu en gemeenskapslewe nie.[1] Reëls moet daar wees om orde te handhaaf, die geboue en meubels te beskerm teen vernieling ens. en die regimentering wat daaruit voortvloei, word aanvaar as dissipline. Aan ouer leerlinge word pligte opgedra, dog hulle word nie met gesag beklee nie. Normstelling bly meesal beperk tot die inrigting se goeie naam en probleme wat by leerlinge voortvloei uit onbevredigde drange, word as stoutigheid bestempel en behandel. Volop teregwysing en berisping met weinig voorligting en leiding is aan die orde van die dag. Die belangrikste vereiste wat aan die inwonende onderwyser gestel word, is dat hy „dissipline" moet kan handhaaf.

In hierdie inrigting word ŉ goeie opleidingsveld gesien vir die opleiding van potensiële hoofde deur belowende onderwysers te benoem tot superintendente sodat hulle ervaring kan opdoen van organisasie en administrasie en kan leer om met leerlinge, personeel, ouers, komiteelede e.d.m. te werk.

Aan die ander kant is die uitgangspunt dat daar in gees en daad „in loco parentis" met die leerling gehandel moet word deur volle verantwoordelikheid te aanvaar vir sy liggaamlike en geestelike versorging en welsyn en dat daar ernstig rekenskap gegee moet word van wat dit behels. Hier word besef dat baie probleme en moeilikhede vir die leerling uitgeskakel word deur voorsiening te maak vir drangbevrediging en deur die samewerking van leerlinge en ouers te erlang; dat reëls en reëlhandhawing opvoedingsmiddel moet wees en nie doel nie, waarin ŉ prefekstelsel ŉ belangrike rol kan speel; dat alle aspekte van die opvoeding binne en buite die skool moet meewerk tot ontplooiing van die hele

1. Kyk bl. 112.

persoonlikheid, en die verwesenliking van die verhewe doelstelling; dat 'n gesonde skooltoon en 'n gees en atmosfeer in ooreenstemming met die doelstelling wat setel in die lewens- en wêreldbeskouing fundamenteel is.

Hierdie twee uiterstes is meer die uitsondering as die reël, maar hulle is beslis daar.

II. Faktore wat die kwaliteit van die opvoeding beïnvloed.[1]

1. Roepingsbewustheid.

(a) Die Hoof. Waar 'n roepingsbewuste hoof aan die spits van sake staan, vlot dit met die opvoeding, is daar leiding en besieling, werk die personeel saam as 'n geïnspireerde span en bestaan daar 'n lewendige dog gesonde skooltoon wat aangevoel word sodra die besoeker by die inrigting aanland.

(b) Die Personeel. Net so 'n belangrike faktor is roepingsbewuste personeellede wat bereid is om hulle aan die veeleisende taak te wy, vir wie die materiële voordele 'n bysaak is en nie die hoofsaak nie, wat dikwels die geval is. Daar is dan ook hoofde wat hierdie aspek van kosskoolopvoeding so belangrik ag dat hulle by die vulling van vakante poste applikante vir benoeming aanbeveel slegs as vooraf met hulle onderhoude gevoer is indien betroubare inligting langs ander weë nie bekombaar was nie.

2. Homogeniteit van die skoolgemeenskap. In 'n homogene skoolgemeenskap kom die kulturele, nasionale en sedelik-godsdienstige opvoeding veel meer tot sy reg. Dit het telkens deurgeskemer dat die vrees om aanstoot te gee of gevoelens seer te maak in 'n inrigting met 'n heterogene gemeenskap t.o.v. taal, kultuur en godsdiens 'n stremmende uitwerking het op die opvoedingspraktyk, terwyl hierdie opvoeding in 'n homogene gemeenskap steeds met vrymoedigheid positief,

1. Bevinding uit waarneming tydens persoonlike ondersoek.

en in sommige gevalle selfs intensief gedoen word.

3. Heterogeniteit van die ouergemeenskap. In 'n heterogene gemeenskap met moedertaalinrigtings vir die verskillende kultuurgroepe word dikwels weer sterker opgevoed, moontlik weens die besef dat die eie geestesgoedere in die slag sal bly indien die opkomende geslag nie aangevuur word tot handhawing en uitbouing daarvan nie. Dit het ook opgeval dat hoe sterker die bedreiging aangevoel word, hoe intensiewer en daadkragtiger die opvoeding gedoen word.

4. Aard van doel- en normstelling. Die praktyk leer ook dat hoe sterker en duideliker die doelstelling is, hoe meer dit die opvoedingspraktyk ten goede kom, omdat dit daarvan deursuur raak en daardeur aangevuur word.

Die voorgaande faktore oefen ook in hierdie opsig 'n invloed uit, omdat hulle meewerk om die doelstelling uit die sfeer van sosiale vorming en voorbereiding vir die lewe te lig na die verhewe vorming van die lewens- en wêreldbeskouing en die normstelling op te hef uit die vlak van die publieke opinie na dié van die Christelike lewenswyse.

5. Sosio-ekonomiese faktore. Dit is opvallend dat inrigtings wat afgesonderde gemeenskappe bedien waar verkeersmiddele ontoereikend is en waar die lewenstandaard ly as gevolg van swak ekonomiese omstandighede, hul taak duideliker sien en dit doelgerigter en planmatiger verrig. Of die behoefte aan opvoeding die oorsaak of gevolg is dat daar roepingsbewuste hoofde en personeellede aan sulke inrigtings verbonde is, val moeilik om te bepaal, dog wat opvallend is, is dat oudleerlinge dikwels doelbewus na sulke inrigtings terugkeer om daar te arbei.

6. Frekwensie van kontak tussen ouer en kind. Hoe dikwels ouer en leerling mekaar sien en veral hoe dikwels die leerling gedurende naweke die ouerhuis besoek, is nog 'n

faktor wat 'n rol speel in die opvoedingsbewustheid van die inrigtings. Waar 'n groot persentasie van die inwonende leerlinge bv. elke of al om die ander naweek die inrigting verlaat, is die neiging sterker om die koshuis meer as 'n loseerplek te benader en gevolglik word daar dan ook minder opvoedingsbewustheid aangetref en minder opvoedingswerk verrig. Die houding skyn te wees dat dit die ouer se verantwoordelikheid bly om na die opvoeding om te sien, aangesien die kind so gereeld en dikwels nog onder sy sorg verkeer. Die vraag ontstaan egter of die ouer nie straks om dieselfde rede dit as die koshuis se verantwoordelikheid beskou nie met die gevolg dat die kind se opvoeding in die slag bly. Op sy beste beskou, bly die opvoeding in hierdie geval 'n verbrokkelde dualisme.

7. <u>Persentasie inwonende leerlinge in die inrigting</u>. Hoe meer inwonende leerlinge daar in 'n inrigting is, hoe groter is die invloed wat hulle op die skooltoon uitoefen uit hoofde van die saamhorigheidsgevoel wat by hulle ontwikkel. Hierdie faktor noodsaak die inrigting om meer sorg en aandag aan hul vorming te bestee ter wille van 'n gesonde skooltoon. Daarbenewens dra die groter getal kosgangers egter ook daartoe by om die behoefte aan opvoeding na vore te bring.

8. <u>Beplanning en Organisasie</u>. Waar die skoolgemeenskap 'n hegte, hiërargiese piramied vorm met die junior leerlinge as basis, die intermediêres, seniors en prefekte hoër op en die personeel en hoof as toppunt, word die opvoeding doeltreffender en doelgerigter, veral as daar verder ook voorsiening gemaak word vir die bevrediging van die primêre drange. Insig in die struktuur en wese van die huisgesin en die gevolglike doeltreffende beplanning en organisasie deur die hoof speel hier 'n beslissende rol. Dit was opvallend dat hierdie benadering gepaard gaan met „Public Schools" in die buurt sodat dit toegeskryf moet word aan hul invloed

en die kennis wat sodanige hoofde van die „Public School"-stelsel dra.

III. Leemtes in die praktyk.

1. Dualismes. Een van die probleme waarmee hoofde te kampe het, is die dualisme tussen skool en koshuis, aangesien dit so maklik gebeur dat wat in die skool geleer word, anders in die koshuis gepraktiseer word. Hierdie probleem strek oor die hele veld, dog tree in sommige opsigte sterker op die voorgrond. So kan dit bv. gebeur dat wat in die skool deur die onderrig in Huishoudkunde opgebou word, in die koshuis weer deur foutiewe praktyke afgebreek word, om maar een van talle voorbeelde te noem.

In die Transvaal word hierdie probleem veral ook sterk aangevoel met betrekking tot die leergang vir Voorligting[1] waar sake soos skoolaanpassingsprobleme (o.a. koshuisdissipline), studiemetodes en -gewoontes, gemeenskapslewe, persoonlike voorkoms, sosiale aanpassing, karakter, lewenshouding, ens. ens. behandel word. Waar hierdie sake van aktuele belang in die gemeenskapslewe en -opvoeding is, lê dit voor die hand dat ooreenstemming tussen teorie en praktyk noodsaaklik is en beklemtoon dit weer die essensiële van die eenheidsbeginsel in die kosskool: die hoof se pligte en funksie moet oor die hele veld strek en hy moet weë en middele beraam om te verseker dat die opvoedingsproses 'n aaneenlopende organiese eenheid vorm. Daar mag nêrens 'n dualisme t.o.v. belydenis en belewenis wees nie.

Daar is egter nog implikasies wat uit die dualisme in die kosskool voortvloei. Omdat koshuis en skool as afsonderlike entiteite beskou word, word die pligte i.v.m. elkeen ook geskei en wanneer dit dan by werkverdeling kom, neem elke personeellid derhalwe eers soveel van die skoolwerk

1. Kyk bl. 55.

(binne- en buitemuurs) as wat beskou word as die regmatige voltydse taak van 'n onderwyser en daarna moet die inwonende onderwyser nog addisionele pligte en verantwoordelikhede in verband met die verdere opvoedingsprogram ten behoewe van die inwonenede leerlinge aanvaar, met die gevolg dat hy met 'n oorvolle program belas is.

In Transvaal tref die superintendentskap van 'n koshuis die onderwyser (hoof of assistent) nog harder as sy kollega in een van die ander provinsies, omdat hy benewens die versorging van die kosgangers en die gewone administrasie en organisasie van die koshuis ook nog die ingewikkelde en gespesialiseerde rekenpligtige werk moet behartig wat voortvloei uit die feit dat Transvaalse koshuise hul inkomste en uitgawe self moet reël en verantwoord.

Die personeellid se taak in 'n goed-georganiseerde kosskool sonder dualisme is reeds moeilik[1] en waar hierdie dualisme nou aanleiding gee tot nog meer oorlaaide werksprogramme, kan die uitwerking nie heilsaam wees nie, aangesien dit uitloop op óf ooreising, óf verlaging in die doeltreffendheidspeil van die arbeid as gevolg van gedwonge pligsversuim.

Word die volume werk van die kosskool nou voor verdeling as eenheid beskou soos wat dit sal wees wanneer koshuis en skool tot 'n organiese eenheid geïntegreer word, sal 'n ewerediger verdeling van werk moontlik wees, dog terselfdertyd is dit duidelik dat aan kosskole 'n ruimer personeelkwota toegestaan behoort te word indien oorbelading uitgeskakel wil word.

2. <u>Skaarste aan geskikte huishoudelike personeel</u>. Die hoofmatrone in 'n kosskool dra groot verantwoordelikheid, want op haar rus die verantwoordelikheid om die huishouding

---

1. Kyk bl. 131 e.v.

ekonomies te bestuur, om te sien na die liggaamlike welsyn van die personeel en leerlinge, die voeding en algemene versorging te beplan, die verpleging van siekes waar nodig waar te neem, voorrade te beheer, die wérkverdeling van haar assistente te reël en toesig oor hulle te hou ens. Maar bowe-al is sy die moeder van die leerlinge. Aan die assistent-matrones word oor die algemeen nie opvoedingsfunksies opgedra nie, dog hulle dra 'n belangrike deel by tot die goeie gang van sake en die skepping van 'n gesonde atmosfeer saam met die hoofmatrone, ~~dog~~ en daarbenewens moet daar steeds rekening gehou word met die voorbeeld wat hulle stel in hul handel en wandel t.o.v. die lewenskuns op alle terreine en in al sy aspekte (liggaamlik, ekonomies, esteties, kultureel, sosiaal, nasionaal, en veral sedelik-godsdienstig), asook met hul praktiese huishouding en aanverwante sake gesien in die lig van wat in die skool in verband daarmee aan die leerlinge voorgehou word as wenslik, goed, navolgenswaardig, reg en ideaal.

Daar heers egter 'n algemene skaarste aan gekwalifiseerde en geskikte werkkragte wat enigsins aan die vereistes voldoen, 'n toestand wat as 'n ernstige leemte in kosskole oral in die land gevoel word.

3. <u>Ondoeltreffende geboue</u>. Oor die algemeen leen die geboue hulle nie tot doeltreffende opvoeding nie, omdat dit meesal buite die kwessie is om „huisgesinne" van beperkte omvang te skep en onder permanente voogdyskap van 'n bevoegde onderwyser te plaas, wat die wenslikste reëling is indien daar werklik opgevoed wil word. Die gevolg is dat -

(a) toesigdienste gewoonlik op 'n rotasiebasis gereël word wat vanselfsprekend nie bevorderlik is vir die opvoeding nie, o.a. as gevolg van die wisselende aard van die gesagsbeoefening; en

(b) massabeheer toegepas word wat uitloop op roetinering en regimentering wat geen opvoeding is nie.

Die geboue word beplan met die oog op doeltreffende en ekonomiese huisvesting, dog aan die vereistes vir doeltreffende kosskoolopvoeding word oënskynlik nie die aandag geskenk wat dit verdien nie. Onder heersende omstandighede is dit feitlik 'n onbegonne taak om enigsins die verlangde huislike gees en atmosfeer te skep, die gesindheid van onderlinge welwillendheid en vertroue te kweek of die nodige vryheid toe te laat, omdat die oormatige regimentering wat uit die beplanning van die geboue voortvloei, dit onmoontlik maak.

4. Gebrek aan begrip. Die ondersoek wat ingestel is, het aan die lig gebring dat heelwat van die gebreke en tekortkominge voortvloei uit 'n gebrek aan begrip van en insig in basiese en/of aktuele aangeleenthede betreffende kosskoolopvoeding, soos -

(a) die eenheidsbeginsel in die opvoeding;[1]

(b) die funksie, hiërargiese struktuur en opvoedingsmetode van die huisgesin en sy toepassing in die kosskool;[2]

(c) die betekenis en implikasies van optrede „in loco parentis";

(d) sedelike opvoeding en gewetensvorming via gedragsregulering en die rol wat reëls en prefekte daarin speel;[3]

(e) aanpassingsprobleme, hul aard en oorsprong, metodes en tegnieke wat dit kan verhoed en verhelp;[4]

(f) buitemuurse aktiwiteite as aanvulling van die skool se opvoedingsprogram en middele om in die basiese geestesbehoeftes te voorsien;[5]

(g) die sielkundige en opvoedkundige aspekte van die adolessente lewensfase en die siening en organisasie van die kosskoolgemeenskap as portuurgroep wat doelgerig daarop toegespits word om die adolessent oor sy moeilikhede te help.

---

1. Kyk bll. 6, 45, 53, 113.
2. Kyk bll. 36, 38, 42, 116.
3. Kyk bll. 8, 60, 62, 68, 120.
4. Kyk bll. 145, 17, 104.
5. Kyk bll. 58, 128.

Ter stawing van hierdie bevinding dien vermeld te word dat dit tydens die ondersoek by wyse van onderhoude uit die staanspoor geblyk het dat daar ŉ gebrek aan begrip t.o.v. hierdie aangeleenthede bestaan en soos reeds in die inleiding vermeld, was dit nodig om eers hierdie aspekte toe te lig en te beredeneer alvorens die beskouings asook die standpunte en praktiese benadering van die betrokkenes verneem kon word, en dan nog het dit soms agterweë gebly.

Uit die onderhoude het geblyk dat die eenheidsbeginsel in die opvoeding in al sy aspekte in die praktyk feitlik geen erkenning geniet nie en dat die struktuur, organisasie, funksie en metode van die ~~huislike metode~~ huisgesin vreemde terrein is. Betreffende die optrede „in loco parentis" bestaan daar ŉ gangbare opvatting dat dit die versorging en beskerming van die kind namens die ouer behels en dat hierdie verantwoordelikheid ook verder strek as die liggaamlike welsyn, maar wanneer dit gekom het by die implikasies van bv. die doopbelofte t.o.v. hierdie aangeleentheid met betrekking tot die gees en rigting in die kosskool en die verband wat dit het met lewens- en wêreldbeskouing e.s.m. was die vordering langsaam en moeisaam. Dit wil bykans skyn asof die doopbelofte sy betekenis verloor het; trouens, ŉ predikant wat voorsitter is van die bestuurskomitee van ŉ koshuis, het die uitlating gemaak dat doopbediening in sy gemeente verword het tot ŉ geleentheid vir sosiale onthaal. ŉ Onderwyser wat huisvader is van ŉ koshuis, verklaar weer dat as die doopbelofte opvoedingsimplikasies moet hê ons nêrens sal kom nie want, so beweer hy, elkeen van die Afrikaanse kerke het ŉ ander doopbelofte. Sy standpunt is dat hy as professionele opvoeder beter in staat is om te weet hoe en waartoe die kind opgevoed moet word.

Dieselfde geld t.o.v. sedelike opvoeding en gewetensvorming via gedragsregulering. Die skoolreëls skep die in-

druk dat hulle gemik is op meganiese beheer oor die gedrag van die kind en dit is slegs die uitsonderinge wat daarin 'n hoër doelstelling sien of 'n middel om die leerling te bring tot selfdissipline en selftug met die wet van God as norm, m.a.w. sedelik-godsdienstige opvoeding. Die omvang van die reëls, die meganiese aard daarvan en die afwesigheid van motivering getuig dan ook dat die dieper insig t.o.v. die rol wat dit kan en behoort te speel in die sedelike opvoeding nie daar is nie en ook nie die besef van wat die implikasies daarvan is t.o.v. die aantasting van die vryheids- en veiligheidsgevoel in soverre 'n groot getal reëls 'n stremmende, beklemmende uitwerking het, en dat meer reëls meer oortredings en dus ook meer straf meebring nie. Die indruk wat gewek word, is dat daar geregeer en geheers word, maar nie veel opgevoed word nie. Hierdie indruk word versterk deur 'n geval van vandalisme wat voorgekom het toe kinders wie se gedrag oor die algemeen as goed beskou is, aan die vooraand van hulle finale vertrek hul slaaplokaal se deur afgebreek, die matras stukkend gesny en die meubels beskadig het. Hierdie gedrag het opskudding verwek en veroordeling uitgelok en is bestempel as die openbaring van 'n karaktergebrek e.s.m., dog dat dit die moontlike reaksie was op onderdrukkende en stremmende gebondenheid is nie oorweeg nie.

Van opvoeding tot verantwoordelikheid deur aansporing om verantwoordelik te handel en gesonde oordeel volgens hoë norme te ontwikkel, word nie veel gemerk as die reëls wat in die oorgrote meerderheid van die kosskole van toepassing is, bestudeer word nie. Die adolessente gemeenskappe word veelal beskou en behandel soos kinders, al is hulle al belydende lidmate van hul kerke, geregistreerde burgers van hul land wat tot militêre diensplig opgeroep kan word of stemgeregtigde kiesers wat mede-seggenskap in die demokratiese landsregering erlang het.

In die regering en oorheersing speel die prefekte ook hul rol. Hulle word veelal gebruik om benewens die verrigting van sekere take en dieste, die jongeres te domineer, dog as middel tot sedelike opvoeding kom die prefekstelsel oor die algemeen nie tot sy reg nie. Hulle word wel genoem „die ouer broers en susters van die familie", maar die verantwoordelikheid, invloed en funksie wat met hierdie status gepaard behoort te gaan, kom nie aan die lig wanneer die aard van hul pligte, soos verstrek, oorweeg word nie.

Dat buitemuurse aktiwiteite kan dien tot opvoedingsmiddel oor die hele persoonlikheid en ook tot bevrediging van basiese drange word weinig besef. Taamlik algemeen word beskou dat dit meehelp tot sosiale vorming, dog verder kom dit nie maar bly dit by middele om kinders besig te hou, geleentheid te bied om van oortollige energie ontslae te raak, die skool se goeie naam te verstewig e.s.m.

Die gebrek aan insig t.o.v. hierdie sake het veral aan die lig gekom via die vraagstuk van bywoning van politieke vergaderings deur agtienjarige stemgeregtigdes. Dat die beoefening van die stemreg na eie, onbevooroordeelde en weloorwoë mening een van die belangrikste funksies van die kieser in ʼn demokrasie is, die rol wat die politieke party in hierdie verband speel en die verband wat dit alles met die nasionale opvoeding hou, is deur weiniges ingesien. Die algemene houding was een van afwagting op leiding of voorskrif van die betrokke onderwysdepartement. Van die vyf onderwysdepartementshoofde het een ʼn besliste standpunt per latere skrywe ingeneem, een het verklaar dat dit aan die diskresie van die superintendent gelaat word, twee was nie bereid om ʼn amptelike mening uit te spreek alvorens regsadvies ingewin is nie, terwyl die vyfde verklaar het dat die saak nog nie oorweging geniet het nie. Daarby moet vermeld word dat die eerste verkiesing waaraan agtienjariges sou deelneem, slegs enkele maande na hierdie onderhoude sou plaasvind.

So kan daar voortgegaan word wat betref die verhouding van kerk tot skool waar die toestand nie anders is nie, en dit alles gesien in die lig van al die inligting en indrukke wat uit gesprekke en waarnemings tydens die ondersoek verwerf is, noop tot die afleiding dat die prinsipiële en fundamentele teoretiese sake in die onderwys nie die aandag geniet wat dit verdien nie; dat daar selde indien ooit rekenskap van gegee of gevra word, maar dat die opvoeding slegs gerig is op die verstandelike en maatskaplike vorming; dat die voorskriftelike en pragmatiese voorrang geniet en aanvaar word sonder normtoetsing en dat die liberalistiese en humanistiese derhalwe hoogty vier.

Nadat die soeklig nou op die Transvaalse en ander stelsels geval het en hul praktyk in oënskou geneem is, bly daar nog oor 'n kritiese beoordeling van die stelsels om dan daarna oor te gaan tot 'n toekomsblik.

J. SAMEVATTING.

Die probleem van die opvoeding van die plattelandse kind het al van vroeg af die aandag geniet. Reeds teen die einde van die vorige eeu is daar kosskole in Pretoria opgerig en teen 1910 het daar reeds verskeie koshuise in Transvaal bestaan. In 1919 is die Onderwysdepartement se administratiewe en tegniese beleid insake losieshuise reeds bekend gemaak en sentralisasie as oplossing van die probleem is steeds bepleit.

In 1933 is die skoolplig verhoog en die gevolglike vermeerdering in die middelbare leerlingtal het die probleem weer sterk na vore gebring sodat dit die aandag van konferensies, landbougenootskappe, kultuurverenigings en uiteindelik ook van die owerhede geniet het. Ondersoek wat deur die Direkteur van Onderwys en die Administrasie ingestel is, het toestande aan die lig gebring wat hulle genoop het om tot aksie oor te gaan en in 1936 het sentralisasie die amptelike staatsonderwysbeleid in Transvaal geword, met 'n stelsel van

provinsiale koshuise as wesentlike deel.

Daar is heelwat getuienis wat daarop dui dat die idee van die „Public School"-stelsel oorgeneem is, dog volgens die formulering van die uitvoerende beleid, die bepalings van die administratiewe beleid en die voorskrifte van die tegniese beleid voldoen die wese van die Transvaalse kosskool nie aan die fundamentele eenheidsbeginsel nie, waarskynlik as gevolg van die besluit van die Administrasie om die instellings se finansiële beheer te desentraliseer om plaaslike belangstelling aan te wakker.

Die ander onderwysdepartemente het ook hul stelsels wat egter verskil van departement tot departement. Die stelsels van Natal en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is gesentraliseer en kom die naaste aan dié van 'n kosskool. Die Oranje-Vrystaat is nie ten gunste van provinsiale koshuise nie en moedig plaaslike liggame met regspersoonlikheid aan om die nodige voorsiening te maak. Die Kaapprovinsie het ondersteunde sowel as provinsiale koshuise, met laasgenoemdes in die minderheid.

In Transvaal word die koshuis amptelik beskou as 'n opvoedingsinstelling, dog hy staan los van die skool in dié sin dat die Direkteur van Onderwys 'n superintendent benoem wat die volle verantwoordelikheid dra vir die inwendige koshuisbestuur: administratief, organisatories, dissiplinêr en finansieel. Die hoof mág superintendent wees, maar hy hóéf nie. Hy moet egter algemene toesig hou. Die Direkteur benoem 'n komitee om die superintendent van advies te bedien.

Die gehalte van die opvoeding in die praktyk varieer van inrigting tot inrigting soos wat die stelsels varieer van provinsie tot provinsie, dog oor die algemeen word daar gestreef na opvoeding van die hele persoonlikheid, word die leerlinge ferm dog simpatiek behandel deur pligsgetroue personeellede, word daar aandag geskenk aan rus en ontspanning

en word gebruik gemaak van prefekte in die opvoeding.

Faktore wat 'n invloed uitoefen op die kwaliteit van die opvoeding is o.a. roepingsbewustheid van hoof en personeel, homogeniteit van skoolgemeenskap, heterogeniteit van die ouergemeenskap, aard van doel en normstelling, frekwensie van kontak tussen ouer en kind, persentasie inwonende leerlinge, beplanning en organisasie. Leemtes wat gevind word is o.a. dualisme tussen koshuis- en skoolopvoeding, skaarste aan geskikte huishoudelike personeel, ondoeltreffende geboue, gebrek aan begrip van die basiese beginsels van opvoeding oor die algemeen en die wese, funksie, struktuur, organisasie en metode van die huisgesin en kosskool.